Die Verkleurmannetjie

NG Kerk Karatara

Karatara - wyk

Ons maak 'n verskil

12 Bloekomlaan

Posbus 1195
Sedgefield, 6573

kantoor@ngkkaratara.co.za
ngkkaratara.co.za
044 343 2033

FB - NGKerkKarataraSedgefield
Youtube - NG Kerk Karatara

Goeie môre en hartlik welkom by vandag se Erediens.
Dit is ons gebed dat hierdie diens vir u tot seën sal wees.

29 Augustus 2021

Ds. Marius Coetzee lei die diens

Tema: "Ons is God se spesiale mense"

Skriflesing (2020 vertaling): 1 Pet 2:1-11

Gebedsversoeke

Gebed is ons kontak met die Vader, deur Jesus Christus, om Hom te erken as ons Skepper en Heer en ook om Hom te prys vir Sy liefde aan ons. Met hierdie kontak het ons ook geleentheid om Hom te bedank en ook te vra vir ondersteuning en leiding in ons alledaagse doen en late.

Op eie bodem: Ons vra dat u sal saam bid:

- dat dié wat gesinslede verloor het die afgelope tyd weer visie sal kry en met die hulp van die Here wysheid sal hê oor hoe om voort te gaan met die lewe.
- die Woord van God werklik inslae sal vind by die gemeente om sodoende die gemeente nader aan mekaar te bring en ook nader aan God.
- bid ook vir jongmense en kinders, dat hulle die Here sal leerken.

Siekes:

Bid vir geliefdes wat nog sukkel om te herstel van Covid al is hulle lankal uit kwarentyn. Bid ook vir almal wat tans Covid of enige ander siekte het, dat die Here hulle hand sal vashou in hierdie moeilike tyd en Sy hand van genesing oor hulle sal hou.

Bid ook vir Tiekie Kap.

Bybelgenootskap (bybelgenootskap.co.za): Letland: Ons is tans besig

Gemeentevisie: Die liefde van Christus dring ons om 'n verskil te maak in die gemeente,
die omgewing en die wêreld.

met die hiersiening van die Bybel in moderne Letties. Bid dat die hersieningsproses deeglik sal wees en in tyd voltooi sal word. Bid ook vir ons projek om die Evangelie van Matteus in Lettiese Gebaretaal vir die dowe gemeenskap te vervaardig.

Geopende deure (opendoors.org.za): Bid dat ons plaaslike vennote in Indië 'n seën sal wees vir die vervolgde Christene wat hulle ontmoet, en dat God aan hulle wysheid sal skenk om hierdie gelowiges te dien.

Hierdie week se aktiwiteite

Geen aktiwiteite

VERJAARSDAE:

Baie geluk aan elkeen wat vandag, of in hierdie week wat kom, verjaar. Mag die Here jou ryklik seën en mag jy elke dag Sy liefde, voorsiening en geestelike groei in jou lewe ervaar.

Ons sê totsiens.....

Ons sê totsiens aan Moeksie, Renier, Ernie en Josh asook Anne-marie Westraad. Mag dit goed gaan in julle nuwe tuiste waarheen julle môre verhuis.

Moeksie, baie dankie vir jou getroue werk as koster die afgelope paar jaar. Ons sal jou vriendelikheid mis en jou bereidheid om altyd tot hulp te wees. Mag julle ook in julle nuwe dorp 'n geestelike familie vind in julle nuwe gemeente. Sterkte en voorspoed.

Aanmoediging vir die week

Psalm 111:4 – Hy sorg dat sy magtige dade nie vergeet word nie. Genadig en barmhartig is die Here.

ñ God wat omgee.....

Daar is min dinge in die lewe wat meer aftakelend is as bekommernis. Bekommernis beroof jou van jou fisieke en verstandelike vermoëns en versoorsaak spanning, hulpeloosheid en wanhoop. Die Evangelie vertel telkens hoedat Jesus soms onder kwaai druk gekom het. Tog het Christus se gemoedsrus en kalmte van gees mense telkens verstom gelaat – maar Sy lewe was volkome en onvoorwaardelik oorgegee aan die sorg van Sy hemelse Vader. As ons gemoedsrus wil smaak in hierdie snel-veranderde wêreld, moet ons die Meester se voorbeeld volg. Deur die hegtheid van ons verhouding met Hom, moet ons ons lewe volkome in God se hande plaas met al ons laste, probleme en bekommernisse. Dan sal ons die lewe tegemoet gaan met krag en gemoedsrus.

Gebed

Here Jesus, ek aanbid U as die ware wingerdstok. Ek put krag daaruit deur net maar soos ñ loot aan U te bly hang in diepe afhanklikheid. Dit gee my krag om te doen wat U van my verwag. (Bron S.Oz)